



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement Western Cape Provincial Parliament IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

DIE SPEAKER

FEITEBLAD 17

HERSIENING 1, 5 JULIE 2016

Die Speaker is die hoofamptdraer van die Provinsiale Parlement. Die Speaker is die woordvoerder van die Huis, tree op as voorsitter van die Huis se vergaderings en is die Huis se “Minister” met betrekking tot die Huis se steundienste. Die Speaker word deur die verkose Adjunkspeaker ondersteun en bygestaan.

Die Speaker word deur die Huis verkies en kan ook deur die Huis van sy/haar amp verwyder word. Die Speaker ontleen sy/haar gesag van die Huis waaraan hy/sy verantwoording doen.

Die Speaker verteenwoordig die Huis en daarom verteenwoordig die Speaker ook al die Lede: diegene in die regering en diegene in opposisie. Die Speaker is verder nie verantwoordbaar aan die uitvoerende gesag nie en handhaaf die Provinsiale Parlement se onafhanklikheid van die uitvoerende gesag. Wanneer die Speaker as voorsitter van vergaderings van die Huis optree, moet hy/sy toesien dat verrigtinge ooreenkomstig die staande reëls, praktyke en presedente plaasvind.

Die Speaker interpreteer die reëls en orders en gee beslissings wanneer nodig. Wanneer die Huis wanordelik word, moet die Speaker die orde handhaaf. Daar is verskeie dissiplinêre magte in die reëls vervat wat die Speakerin die handhawing van orde kan gebruik.

Die Speaker neem nie normaalweg aan debatte deel nie en stem ook nie behalwe wanneer daar ’n staking van stemme is, in welke geval die Speaker dan ’n beslissende stem uitbring.

Lede is daarop geregtig om te alle tye onpartydigheid van die Speaker te verwag net soos die Speaker te alle tye daarop geregtig is om ondersteuning van alle Lede, ongeag hul partyverband, te verwag.

Die Speaker neem volle verantwoordelikheid vir die parlementêre administrasie. Hy/sy tree op as voorsitter van die Reëlskomitee wat die rigtinggewende gesag van die parlementêre administrasie is.

Wanneer ook al die Speaker afwesig is of andersins nie in staat is om die funksies van die amp van die Speaker uit te voer nie, of wanneer die amp vakant is, tree die Adjunkspeaker as Speaker op.